

God soek op deur sy Woord

In sy ryk genade soek die Here mense deur sy Woord op. Hy laat sy Woord verkondig oor die lengte en breedte van hierdie aarde. Die vraag is net: Watter betekenis en uitwerking het die Woord in jou lewe? Is dit nog die onfeilbare rigsnoer vir jou geloof en lewe?

In die gelykenis van die saaiër is daar ten minste vier maniere waarop mense na die Woord luister en daarop reageer. Jy kan dit blatant verag, ligtelik opneem, nie toepas op jou lewe nie, of voluit daarvolgens lewe.

Die eerste groep hoorders kan ons die “hardepadhoorders” noem. Die Woord val op harde en onbekeerde harte sonder dat dit enige ingang vind, groeikrag of uitwerking het. Die wêreld en sy invloed het die grond van hul harte so vasgetrap dat die saadkorrel van God se Woord bo-op rondlê en gou verdwyn. In Jesus se tyd het ons hulle geken as die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Jesus preek self, en tog verwerp hulle Hom botweg as Verlosser. Hulle is die onverskillige kerkmense sonder die Woord, sonder bekering en eindelijk sonder God.

Die tweede groep hoorders kan ons die “klipgrondhoorders” noem. Bolangs lyk die grond goed, maar ondertoe is klipbanke. Die gevolg is oppervlakkige godsdiens. Die Woord ontkiem vinnig, maar verdroog ook net so vinnig. Sodra die geloof van hierdie mense diep wortel moet skiet in selfverloëning en navolging van Christus, sterf dit. Daar is ’n oplewing vir ’n tydjie, maar dit is ’n valse bekering. Hierdie mense verstaan nie regtig wat dit beteken om die Here Jesus oral te volg nie. Ons sien hierdie soort lewe waarskynlik by Judas Iskariot, wie se bekering vals en sonder enige ware berou was.

Dan kry ons die “onkruidhoorders”. Hulle is mense in wie se lewe die Woord in stryd met die eise van hulle lewe is. Hierdie mense is diepsinniger as die vorige groep en weet hulle lewens moet verander as hul die koninkryk van God wil ingaan, maar hulle hink op twee gedagtes: God en die wêreld. Eindelijk wen die wêreld. In die kerk sien ons dit in die lewe van Demas wat eers in die kerk werk, maar later tog die wêreld meer liefkry (2 Tim 4:10).

Ons ken die laaste groep en kan hulle die “goeiegrondhoorders” noem. Hulle is mense soos Paulus wat hom waarlik bekeer toe Jesus met Hom praat. Sy hart is deur die Gees voorberei. Hy leef uit God se genadewoord alleen. Hy het die Here innig lief en dra vrugte om die Woord deur storms, terugslae, skipbreuke en géselslae uit te leef en te verkondig – al kos dit eindelijk sy lewe.

Wie is jy regtig? Gaan toets jouself weer vandag om vas te stel waar God en sy Woord in jou lewe inpas.

Sing: Skrifberyming 15-7:4

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)